

Topatlete hier gou reggedokter

Wilhelm de Swardt

Wat het Charné Bosman, Wynand Olivier en Jacques Kallis in gemeen?

Die maklike antwoord is dat Bosman die Comrades se vrouekampioen is, Olivier was in sy speeldae nie 'n slegte Springbok-senter nie en Kallis is waarskynlik een van die beste veelsydige krieketspelers tot nog toe. Al drie is winners. Maar hulle het meer as dit in gemeen.

Al drie is toe hulle beseer is, deur dr. Gregory Weir en sy span van die Vaskulêre en Hiperbariese Eenheid van die Eugene Marais-hospitaal behandel, en het daarna presteer.

“Nadat ons Wynand en Jacques behandel het, is hulle as speler van 'n wedstryd aangewys en Charné het die Comrades gewen,” sê Dirk Knoetze, 'n lid van Weir se span, trots.

Bosman huiwer nie om Weir en sy span as “engele” te beskryf nie.

“Ek weet nie of ek die Comrades sou gewen het as dit nie vir hulle was nie,” sê die atleet van die Nedbank-span wat by Tukies se High Performance Centre oefen.

Bosman het in April haar voet baie hard teen 'n muur gestamp. Haar regterkleintoontjie het in die gewrig afgebreek.

Sy het dit egter nie dadelik



Dr. Gregory Weir van die Vaskulêre en Hiperbariese Eenheid by die Eugene Marais-hospitaal, Charné Bosman en Dirk Knoetze, 'n lid van dr. Weir se span. Foto: REG CALDECOTT

beseef nie en 'n paar dae later aan 'n wedloop oor 48 km in Irene deelgeneem en boonop gewen. Die dag daarna het sy 16 km besef het haar toon is gebreek.

“Ek was heeltemal moedeloos en het begin wonder of ek ooit aan die Comrades sal kan deelneem.”

“Uit radeloosheid het ek begin

om op die internet navorsing te doen om te kyk of daar iets is wat ek kan doen wat sal help. Dit is toe dat ek van die Hiperbariese Eenheid gelees het.

“Ek het dr. Weir gebel en gevra of hulle my kan help en groot was my verbasing toe hy amper dadelik ja gesê het.

“Hy het ook gesê die behandeling is gratis. Kan jy dit glo? Wie doen in dié tye nog dinge gratis vir mense wat hulle glad nie ken nie?”

Hiperbariese (hoëdruk-) suurstofterapie is 'n gespesialiseerde behandeling wat gebruik maak van die genesende eienskappe van suurstof wanneer dit in groot hoeveelhede onder verhoogde druk ingeasem word en in bloed en liggaamsweefsel oplos.

Dit het voorts die vermoë om beseerde en geïnfekteerde weefsel te laat genees in omstandighede waar dit andersins nie moontlik sou wees nie.

Volgens Weir het hy Bosman duidelik laat verstaan daar is geen waarborg dat die behandeling sou verseker dat sy voor die Comrades volkome sou herstel nie.

“Die rede waarom ons graag vir Charné en spelers soos Wynand Olivier en Jacques Kallis help, is omdat ons die Bybelse beginsel glo dat wat jy saai, sal jy maai,” sê Weir.